



Bron nr. 0 1 9 1

Datum 9 9 0 7 1 8 1 9 9

Onderwerp nr. 25

Knipsel nr. 3523 9

18 JUL 1999

➤ Rapport Jg. Nr. P. // Dat.

Asmal hét gelewer, maar kan nie water in wyn verander

Die aanstelling van prof. Kader Asmal as Minister van Onderwys is prysenswaardig, maar daar moet gewaak word teen té hoë verwagtinge, skryf JONATHAN JANSEN.

BAIE Suid-Afrikaners is tereg ingenome met die aanstelling van prof. Kader Asmal as Minister van Onderwys. As minister van waterwese het hy reeds getoon dat hy vaardighede, ongeëwenaard in die post-apartheid-Kabinet, het op die gebied van die politiek, die tegniek en openbare betrekkinge.

Selfs kritiese mense moet toegee: hy het gelewer – en Suid-Afrika, pres. Thabo Mbeki ingesluit, het dit raakgesien.

Daar kan ook geen twyfel wees nie dat, in weerwil van 'n mate van besorgdheid oor sy gesondheid nadat kanker van die beenmurg by hom gediagnoseer is, Asmal sy veldtog as Minister van Onderwys met dieselfde matelose energie, geesdrif en ingesteldheid begin het wat sy werk as minister van waterwese gekenmerk het.

Daar is verskeie redes waarom sy aanstelling nuwe hoop bring vir 'n portefeulje wat onder sy voorganger 'n slegte beeld gehad het.

Asmal se senioriteit in die ANC beteken dat hy aandag en respek kan eis vir sy portefeulje, en dat dit tot groter finansiële en politieke steun vir onderwys op nasionale vlak behoort te lei.

Die geloofwaardigheid van Asmal in die ANC en sy bondgenote (onderwysvakbonde, studenteorganisasies, leiers in die hoër onderwys en algemene bewegings op voetsoolvlak) beteken dat hy sy veldtog vir beter onderwys van stapel laat loop van 'n platform van geloofwaardigheid wat sedert 1994 nie be-

staan het nie.

En die baanrekord wat hy van waterwese met hom saamgebring het, het baie hoë verwagtinge by die publiek gewek. Maar dis ook waar die probleme begin: verwagtinge.

Die eerste potensiele probleem is dat die publiek regtig glo Asmal sal alle onderwysprobleme oplos: van die vloek van vermorsing en ondoeltreffendheid in die meeste provinsiale burokrasieë tot die wanfunksionering van township-skole in al nege provinsies.

Van die outoritêre praktyke wat die daaglikse lewe in die klaskamers oorheers, tot die rampspoedige gebrek aan 'n kultuur van onderrig by onderwysers, tot die skokkende gebrek aan plattelandse infrastruktuur vir selfs die mees basiese formele onderrig en die toenemende geweld in stedelike staatskole. Ensovoorts.

"Maar hy het dan waterwese reggekry!" het 'n nuusman onlangs in 'n TV-onderhoud uitgeroep toe ek bedenkinge uitspreek of selfs Asmal al hierdie probleme kan oplos.

Die waarheid is egter dat die minister nie die grondwetlike bepaling kan vermy dat hy onderwys moet lewer deur die nege provinsies nie. Selfs met die mees radikale vertolking moontlik van die wetgewing, bly sy rol slegs om die norme en standaarde vir onderwys te bepaal, nie om onderwys te lewer nie.

As minister van waterwese moet hy maar net om die plaaslike owerhede te gewerk het,

TREFWOORDE

- 1 Jansen
- 2 Jonathan
- 3 Asmal
- 4 Onderwys
- 5 Positiewe
- 6 Hoop
- 7 Politiek
- 8 Subiese
- 9 Uitdagings
- 10

INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0191

Datum 9.9.18.199

Onderwerp nr. 25

Knipfel nr. 3523

b

Rapport

Jg..... Nr..... P. 11 Dat. 18 JUL 1999

nie deur verskanste ondoeltreffende provinsies nie, en wetgewing gefasiliteer het om water op plaaslike vlak te lewer. Hy kan dit nie in die onderwys doen nie.

Daarby het Waterwese nie die reuse-herontplooiing van onderwysers vereis nie en het dit nie groot, gevestigde en mededingende onderwysvakbonde nie. Dis alles probleme wat Asmal nou sal moet hanteer.

Die tweede moontlike probleem is dat Asmal die onrealistiese openbare verwagtinge kan aanmoedig deur geesdriftige aankondigings te doen soos byvoorbeeld dat ongeletterdheid binne vyf jaar uitgewis sal wees.

Sy adviseurs behoort hom te gekeer het. Natuurlik is mikpunte nodig, en die mobilisering van 'n ondoeltreffende departement vir sulke mikpunte, maar 'n belaglike mikpunt soos hierdie kan nie bereik word wanneer meer as 60 persent van die volwasse bevolking nie eens graad 7 behaal het nie, en 'n verskeidenheid nasionale geletterdheidsorganisasies 'n dekade lank nie eens 'n duik kon maak in ongeletterdheid nie.

Die derde moontlike probleem is die ongehooflike kapasiteit vir openbare

betrekkings van Asmal se kantoor, tesame met 'n intimiderende politieke hoof wat nie "nonsies duld nie".

Asmal het 'n baie knap span kundiges op die gebied van openbare betrekkings van waterwese met hom saamgebring na Onderwys, onder wie Tony Heard, gewese redakteur van Cape Times.

Die probleem met so 'n knap politikus en sy ewe knap span is dat hulle baie maklik slagoffers van hul eie welsprekendheid kan word.

Welsprekendheid is 'n wonderlike gawe, maar dit kan nie as plaasvervanger dien vir werklike en betekenisvolle veranderinge in die lewe van die armste Suid-Afrikaners nie. Suid-Afrika het aksie nodig, nie nog 'n ronde politieke woordvernuf nie.

'n Vierde probleem, in 'n mate, is die politieke aggressie van Asmal. Ek sê "in 'n mate" omdat sy houding van "skop die agterstewes" absoluut noodsaaklik is om dwarstrekkerige staatsamptenare en lui onderwysers en leerders wat die belastingbetaler op sleeptou neem, reg te ruk.

Aan die ander kant is Asmal baie liggeraak oor kritiek. Die probleem is dat dié soort gesindheid ook neig om onaangename werklikhede te ontken. En glo my, sulke werklikhede gaan opduik.

Die behoefte aan politieke verdediging sal dalk verstandige reaksies verhinder - reaksies wat moet gelui het: "Ek erken, ons het 'n gemors gemaak".

Ek het nog nie dié woorde van die Minister van Onderwys gehoor nie, en voordat daar nie toegegee word dat daar ernstige mislukkings (naas noemenswaardige welslae) was nie, doen ons onderwys geen guns nie.

Ek glo nietemin steeds Asmal is die beste moontlike keuse vir onderwys in Suid-Afrika. Maar hy kan nie wonderwerke doen nie. Hy het water gelewer, hy kan dit nie in wyn verander nie. Om realisties te wees oor sy vermoëns, sal egter nie net goed wees vir hierdie minister nie, maar ook vir onderwys.

● Prof. Jansen, hoof van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Durban-Westville.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10